

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Met God se hulp bou ons en leef ons 'n geseënde lewe.

Skriflesing: Psalm 127

Ons hoor dikwels dat mense sê: Ek het hard gewerk vir my geld!..

Sing:

Ps 84-1:1,6
Sb 12-3:1,2,3,4
Ps 19-1:5
Lied 292:1,2
Ps 128-1:1,4
Lied 190:1,3
Sb 13-3

Daarom verdien ek 'n nuwe kar, 'n mooi huis, 'n luukse vakansie, 'n goeie inkomste, daarom het ek die reg op 'n goeie lewe. Die Pelgrims is op pad na Jerusalem of binne in Jerusalem en hulle besing die Verbondsgod se genade en sy seëninge wat op sy volk rus. Elkeen wat in afhanklikheid van God leef, verkry die seëninge van God op verskillende maniere.

Ons gaan na drie sake kyk:

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Gerrit Kruger

- God bou met sy seënende hand.
- God beskerm met sy seënende hand.
- God beskik 'n geseënde lewe.

SONDAGAAND 18:00

God kan doen wat jyself nie kan nie

Skriflesing: Joh 3:1-10;
Joh 7:45-52; Joh 19:38-42
(Nikodemus); II Kor 3:18

Teksvers: Joh 3: 3

HK: Sondag 3

Sing:

Ps 68-1:2,9
Sb 2-4:1
Sb 2-4:2,3
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Maarten van Helden



Niemand is so blind as die een wat nie kan sien nie! Ag, ek bedoel, as die een wat nie wil sien nie. Die blindheid van die sondaar is so ernstig dat net 'n wonderwerk hom kan help. In sonde ontvang en gebore – geestelik blind gebore – so is die sondaarmens sedert die sondeval.

Die klem moet op ons onvermoë gelê word: Ons kan nie! Wel, ons kan nie, tensy ons weergebore word. En dit is presies die bedoeling van Jesus se boodskap aan Nikodemus en die Jode. Voordat jy waarlik getroos in Christus kan lewe, móét elke mens eers sy eie onmag ken en bely, en dan sal ook die evangelie 'n soete bevryding wees wat jou dank vir die Here se genade wakker maak.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 04 9 Februarie 2020

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Die Koronavirus

Die Koronavirus bring skrik en vrees oor die wêreld. In China het die bekampings- en voorkomingsmetodes, drastiese afmetings aangeneem. Mense, gesinne, studente is beperk tot hul blyplekke en slegs een familielid mag die huis verlaat om te gaan kos koop. In Wuhan is daar net een Supermark oop vir 11 milj. inwoners. Daar word spesiale hospitale in China gebou vir die behandeling van pasiënte. Dit is 'n epidemie wat verskriklike gevolge het en nog kan hê. Maar die vraag is altyd, **hoe moet ons as Christene dit verstaan en daarvoor dink?** Ons moet weet dat ons altyd onder die genade van God alleen leef. Ons moet ook weet dat ons in lewe en sterwe aan ons Here Jesus Christus behoort. Daarom moet ons biddend ook met hierdie saak handel en bid vir God se genade. Die lewe moet met respek hanteer word en Christelike liefde moet teenoor almal uitgedra word.

Die Skrif is duidelik daaroor dat daar swaarkry gaan kom. As ons Mat 24,25 lees, dan lees ons die profetiese redes van rampe en vervolging en verdrukking wat daar sal wees. Maar ons moet nie nou dink hierdie Koronavirus is noodwendig die aanbreek van die laaste plaie voor die wederkoms nie, daar was al baie groot en baie ernstige plaie voorheen. Dink maar aan die groot griep in vroeë 1900 toe die sogenaamde "Drie-daggriep" in Suid Afrika uitgebreek het en meer as 350 000 Suid Afrikaners dood is. Dit was 'n verskriklike tragedie en hartseer. (<https://www.vryeweekblad.com/wetenskap-en-tegnologie/2019-04-19-die-groot-griep-vergete-stemme-se-stories-van-seer-herleef/>)

Wat kan ons as gemeente doen? Ons kan en moet vir hierdie saak bid. Daar is van ons broers en susters in die geloof, wat in China onder hierdie verskriklike plaag deurloop. Kom ons bid....

- Dra almal, die siekes, die mediese personeel en die hele bevolking aan God op.
- Bid vir wysheid en insig by almal rondom hierdie saak.
- Bid dat die evangelie uitgedra sal word ook onder hierdie omstandighede oor die hele wêreld.
- Bid vir God se genade omdat Hy alleen die Groot Geneesheer is.

Mag ons almal biddend ons voor God verootmoedig en mag sy genade vir ons almal genoeg wees.

ds. Gerrit

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330



Loof die Here!

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Wally Wallace

Diaken: Juan Nel

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 3, Ps 146:1

Volgende week: Les 4, Ps 146:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

09-Feb	Anton	Lubbe	A09	27716852610
	Eddy	Niezen	C13	27834552760
	Louise	Roets	C11	27833805383
	Louise	van Rensburg	C08	27729737238
10-Feb	Mercia	Coelho	A04	27823247907
	Anette	Lombard	A14	27826217373
	Ben	Steyn	B08	27834484128
	Drikus	vd Walt	C02	27605692608
12-Feb	Marius	de Beer	B03	27845479575
	Dries	Louw	A10	27818527531
	Camelius	vd Riet	C15	27836428887
	Mauritz	vd Walt	B01	27827797473
13-Feb	Elsa	Opperman	C01	27832686241
	Ryno	vd Merwe	E01	27828507861
	Mossie	Venter	B07	27727582641
14-Feb	Elna	de Bruin	A02	27836642050
15-Feb	Anton	Fourie	C05	27828379575
	Willie	Loots	A08	27827725736
	Anita	Snyman	B10	27723455880
	Daniël	Swanepoel	C13	27832307436
	Christa	Trichard	A03	27832605185

DOOPLIDMATE

09-Feb	Zane	Cloete	A08	27825625296
11-Feb	Wian	Olivier	C11	27823322118
13-Feb	Carla	van Brakel	B05	27827876497
	Regardt	vd Riet	C15	27829246759
15-Feb	Karla	Venter	C06	27829401555

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



09-Feb	B14	Karin Venter
	B15	Marieke Zeevaart
	B16	Lourette van den Berg
	B17	Nicoline Jonker
16-Feb	B18	Cecilia Wolmarans
	B19	Elana Brits
	B20	Hannelie Grobler
	C13	Tia Grünenfelder

HERINNERING

Die Susters se Dagbestuurslede, Koördineerders en Diensgroeplede word herinner aan die vergadering op 10 Feb om 18:00 by die Kerksaal.



7 Maart 2020 Koste—R150pp
Gee jou naam op by die susterstafel

Bybelskool van Centurion 2020

bied aan

GENESIS

Die Bybelse weergawe van die skepping, verhoudinge en sondeval, asook die kort- en langer-termyn effek daarvan.

Aanbieder: Ds Maarten van Helden

Tyd: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30

Koste: R100 pp

Almal welkom

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Dependable maintenance – For any maintenance work and renovations. Painting, tiling, plumbing, bathrooms, steelwork, burglars and security doors, paving, wooden/laminate floors, roof waterproofing, palisades etc. Free quotes Hennie 082 927 4326/hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld** en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Jong man (34) soek werk in projek koördinerende store maar is bereid om enige werk te doen. Ek is bereid om onder te begin en myself op te werk. Johann Nöthling 062 678 5074.

Dringend op soek na werk vanaf huis. Ek het al die nodige rekenaarprogramme en ek doen enige tipe tikwerk, vertalings en proefleeswerk. Kontak Rina Burger 082 853 8215 of e-pos rina.burger@vodamail.co.za

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale berading, gratis, skakel Esther du Plessis by 0718682257.

Familie mediasie; voor- en na egskeding- ooreenkomste; onderhoud; ouerskapplanne Esther du Plessis 0718682257

Blok A –Wyk Bring-en-Braai

Ds Lourens Venter nooi al die wyke van Blok A na 'n bring-en-braai op die datums soos aangedui.

Bring: eie eetgerei, vleis en drinkgoed

Tyd: 12:00

Plek: Jeughuis

Datum	Wyk A
9 Feb	4, 5, 6
16 Feb	7, 8, 9
23 Feb	10, 11, 12
1 Mrt	3, 13, 14, 16



bybelgenootskap van suid-afrika

2 MILJOEN Bybels VIR SA

2008

Metode om tot die **2 Miljoen Bybels-projek** by te dra:

1. Plaas jou bydrae in een van die kassies by die deure.
2. Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing; *Bybelgenootskap*

Eljada Huis

Die Eljada-waentjie word weer uitgesit. Skenkings van enige blikkies kos, langlewes melk, koffie, tee en suiker sal waardeer word.

Ons benodig ook asb mense wat bereid is om 1 x per kwartaal uit te help met Bybelstudie by Eljada.

Petra Swanepoel 082 927 7324

Tentjie-aand

Vrydag, 21 Feb om 17:00

Kom slaap oor by die kerk!

Bring jou hele gesin saam en geniet 'n prettige aand by ons kerk.

Santie 0725899448

Senior Aksie

Vrydag, 28 Feb 2020

om 10:00

te GK Centurion

TOEGANG: Vrywillige Donasie

RSVP: Liana 071 600 0368



Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10

- Mollie Buys sterk aan in Groenkloof Stepdown (B7—665 3038).
- Wilna Algera het toetse ondergaan (B6—653 0825).
- Coenie de Beer sterk tuis aan na 'n prosedure (B12—084 880 8816).



Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

- Frikkie Müller met die aflegging van Belydenis van Geloof vanoggend.
- ♥ Pieter en Liezl Smit met die doop van Gideon.
- ♥ PW en Esme Groenewald met die doop van Lienka.
- ♥ Frikkie en Linda Müller met die doop van Isabella en Marlou.

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Juventus+

Die **verlenging** van Juventus (jong werkendes) - groep.

Eerste byeenkoms vanaand NA die erediens saam met ds Lourens.

Kom drink saam koffie en vind meer uit.

Volgende byeenkoms: Sondag, 16 Februarie.

Preekbespreking na afloop van die aand erediens.

Kontak: Karin Venter (084 304 7881)

Juventus

Juventus Bybelstudie

Woensdae, 19:00 @ ds Lourens,

Selbornelaan14, Lyttelton

Kontak vir Fred 083 255 9900

Navrae onder die Olyfboom elke Sondag

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid



By die deure: Thusofonds